SPORTGEDRAGSKODE

NOORD-EIND KLEREWINKEL verkoop die volgende sportdrag: NE Blou sporthemp, NE wit sporthemp, NE donkerblou sportbroekie, en NE sportsokkies vir krieket en hokkie. Die Noord-Eind rugsakkie kan ook by Klerewinkel bestel word.

DE JAGERS: Noord-Eind sportsak en alle ander sprortdrag

Dogters

(Geen "skipants" mag onder 'n romp/kortbroek uitsteek nie.)

Sportoefeninge:
* Enige toepaslike sportdrag vir die sportkode

* Hare mag nie in die oë hang nie. Dit MOET vasgesteek wees

* GEEN juweliersware

Atletiek byeenkomste:
* Noord-Eind sportbroek/navy skipant en wit sporthemp
* Wit sokkies en tekkies/kaalvoet
* Noord-Eind pet

Liggaamlike Opvoeding:
* Noord-Eind sportbroek en blou sporthemp

Swem byeenkomste:
* Donkerblou eenstuk swembroek met swempet
* Noord-Eind sportbroek en wit moulose sporthemp

Tennis wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en wit moulose sporthemp
* Wit sokkies en tekkies
* Noord-Eind pet

Hokkie wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en blou moulose sporthemp
* Noord-Eind hokkie/mini-krieket sokkies en wit tekkies
* Mondskerm en "shinpads"

(Volle skoolsweetpak indien dit koud is – nie gedurende 'n wedstryd nie)

Netbal wedstryde:
* Noord-Eind netbalromp en wit moulose sporthemp (0/10-0/13)
* Donkerblou shoe broekie onder die romp.(Veral met wedstryde)
* Tekkies met wit sokkies
* Noord-Eind sportbroek en wit moulose sporthemp (0/7 – 0/9)

Seuns

Sportoefeninge:
* Enige toepaslike sportdrag vir die sportkode

Atletiek byeenkomste:
* Noord-Eind sportbroek/navy skipant en wit sporthemp
* Wit sokkies en tekkies/kaalvoet
* Noord-Eind pet

Liggaamlike Opvoeding:
* Noord-Eind sportbroek en blou sporthemp

Swem byeenkomste:
* Donkerblou speedo (tydens swem)
* Noord-Eind sportbroek en wit sporthemp

Tennis wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en wit sporthemp
* Wit sokkies en tekkies
* Noord-Eind pet

Hokkie wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en blou sporthemp
* Noord-Eind Hokkie/mini-krieket sokkies en tekkies
* Mondskerm en "shinpads" (Mondskerms verpligtend vanaf o/10)

(Volle skoolsweetpak indien dit koud is – nie gedurende 'n wedstryd nie)

Rugby wedstryde:
* Wit rugbybroek en Noord-Eind rugbytrui.

(Volle skoolsweetpak indien dit koud is – nie gedurende 'n wedstryd nie)

Krieket wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en wit sporthemp
* Noord-Eind rugbysokkies en tekkies
* Noord-Eind kriekethoedjie of –pet
  (o/13A dra lang wit krieketbroek met wit sokkies)

Mini-Krieket wedstryde:
* Noord-Eind sportbroek en blou sporthemp
* Noord-Eind Hokkie/mini-krieket sokkies en tekkies
* Noord-Eind pet

SPORTETIKET

DEELNAME

Alle leerders moet aan ten minste een winter- en somersport van die skool deelneem.

SPORTSOORTE

Somersport: Tennis (Gr.R – Gr.7)
Mini-Krieket (Gr.R – Gr.3)
Krieket (Gr.4 – Gr.7)
Swem (Gr.R – Gr.7)
Atletiek (Gr.1 – Gr.7)

Wintersport: Rugby (Gr.R – Gr.7)
Netbal (Gr.R – Gr.7)
Hokkie (Gr.R – Gr.7)

Neem kennis dat die sportsoorte waar Gr.R betrokke is slegs op die sport se vaardighede sal fokus om die leerder voor te berei vir die sportsoort. Dus neem geen Gr.R-leerders aan wedstryde deel nie.

INLIGTING RAKENDE SPORTKLEREDRAG

* Alle kledingstukke moet gemerk wees met die leerder se naam.
* Kleredrag tydens oefeninge moet wees soos gemeld in bo-genoemde tabel. Geen ander kleredrag is toelaatbaar nie. Eenvormigheid skep ‘n goeie beeld en trots.
* Indien dit koud is, dra leerders Noord-Eind se volle sweetpak / sweetpakbaadjie. Geen ander baadjies, truie, ens. word toegelaat nie.
* Seuns se sporthemde en rugbytruie moet ten alle tye ingesteek wees en mag nie uithang nie.
* Noord-Eind sportkleredrag is verkrygbaar by De Jagers
  Uitsonderinge: -Kriekethoedjies (o/11 – o/13): By sportorganiseerder
  -Swemkeppies: By swemorganiseerder

ALGEMENE SPORT ETIKET

* Wees altyd betyds en reg geklee vir oefening/wedstryde.
* Maak altyd verskoning as jy nie ‘n oefening kan bywoon nie.
* Wanneer jy met die sport begin, sien jy dit deur tot aan die einde van die seisoen.
* Sportdrag vir alle oefeninge, wedstryde of byeenkomste is altyd skoon en netjies.
* Bedank die afrigter vir afrigting.
* Wees trots op jou sport, span en skool.
* Bedank opponente na afloop van ‘n wedstryd.
* Help met opstel en oppak van apparaat tydens oefeninge en wedstryde / byeenkomste.

TENNIS

* Die kaptein van ‘n span moet die opponente ontvang en vriendelik met die hand groet.
* By die aanvang van die wedstryd moet daar geloot word wie eerste moet afslaan. Die opponent kry altyd eerste keuse. (Kop/stert,glad/grof.)
* Telling moet hoorbaar uitgeroep word deur die een wat afslaan.
* As daar ‘n fout gemaak word, moet die bal onderdeur die net gestuur word en nie bo-oor nie.

* Moenie jou humeur verloor deur te gil of jou raket op die baan te gooi nie.
* Wanneer daar getwyfel word of die bal op of af was, moet die punt oor gespeel word of gee die opponent die voordeel van die twyfel. (Dit is goeie sportmanskap)
* Wanneer dubbels gespeel word, moet jy nooit met jou eie maat raas as hy of sy ‘n fout begaan nie – onthou almal maak foute.
* Aan die einde van die wedstryd word gelukwensing voor in die middel van die net deur middel van ‘n handdruk oorgedra.
* Die opponent verlaat altyd eerste die baan by die hek – dit geld natuurlik ook voor die aanvang van ‘n wedstryd.
* Bring ‘n koeldrank vir jou opponent by tuis wedstryde.

ATLETIEK

* Die baanskeidsregter se beslissings is finaal en GEEN atleet sal dit bevraagteken nie.

KRIEKET

* Bedank skeidsregters na afloop van die wedstryd.
* Slegs veldwerkers wat in lyn met die paaltjies is, appelleer vir b.v.p.
* Moet nooit ‘n skeidsregter se beslissing bevraagteken nie --- loop, al voel jy hoe ongelukkig oor die beslissing .
* Moenie persoonlike opmerkings teenoor die skeidsregter/opponente maak nie.
* Inkomende en uitgaande kolwers kruis op die veld.
* Gee erkenning (hande klap) aan bouler vir ‘n goeie boulbeurt of vir die kolwer(s) vir ‘n goeie hou (50 of 100 lopies)
* Kaptein stel homself aan die skeidsregter en kaptein van die opponerende span voor, voordat die wedstryd begin.
* Kaptein loot vroegtydig voor wedstryd.
* Kaptein -- bedank afrigter altyd na afloop van wedstryd, asook tellinghouers.
* As jy ‘n opponent “onregverdig” gevang het en die skeidsregter gee hom uit, sê vroegtydig vir die skeidsregter dat dit nie ‘n “regverdige” vangkans was nie.
* Die bal se soom word nie opgelig nie.
* Groet die skeidsregter wanneer jy merkie vra -- bedank die skeidsregter.
  Indien ‘n paaltjie geneem word moet die bal aan die hoofskeidsregter gegee word.

SWEM

* Wag by die hek totdat betrokke onderwyser jou toelaat om terrein te betree.
* Niemand gaan sonder toestemming in die water nie.
* Geen spelery as daar geoefen word nie.
* Niemand “bom” of duik in die swembad nie of hardloop om die swembad nie.
* Niemand druk iemand anders se kop onder die water nie.

NETBAL

* Wens altyd jou teenstanders geluk na die wedstryd.
* Moet nooit met ‘n skeidsregter tydens ‘n wedstryd argumenteer nie.
* Wees lojaal teenoor jou spanmaats (moenie hulle “drop” nie).
* Moet nooit jou spanmaats uittrap voor die ander nie.
* As jou maat ‘n fout maak (enigiemand kan ‘n fout maak), bemoedig hom.
* As jy siek voel, kontak jou afrigter -- moenie net wegbly nie.

HOKKIE

* Kaptein stel homself aan die skeidsregter en opponerende kaptein voor, voor die aanvang van die wedstryd.
* Tydens wedstryde word slegs positiewe en opbouende kritiek aan spanmaats en opponente gegee.
* Die skeidsregter se beslissings is finaal en GEEN speler sal dit bevraagteken nie.
* Hokkie-bal word gerol na speler vir ‘n vryslaan, hoekie en afslaan.
* Hokkie-stok mag geensins gekap of gegooi word nie.
* Na ‘n wedstryd skud almal hand met opponente en albei skeidsregters.

RUGBY

* Wees lojaal teenoor jou spanmaats (moenie hulle “drop” nie).
* Moet nooit jou spanmaats uittrap voor die ander nie.
* As jou maat ‘n fout maak (enigiemand kan ‘n fout maak), bemoedig hom.
* Moet <u>nooit</u> op die veld baklei nie.
* As jy siek voel, kontak jou afrigter -- moenie net wegbly nie.
* ‘n Noord-Eind rugbyspeler se trui hang nooit uit nie!